

Vrydag 24 Februarie

Skrifgedeelte: Romeine 3:21-31

Fokusgedeelte: Romeine 3:21-31

Die regverdigmaking van die sondaar is slegs deur die geloof in Christus

Paulus het die eerste gedeelte van sy brief aan die Romeine in hoofstuk 3:20 met die mees skrikwekkende gedagte afgesluit. Die hele wêreld is strafwaardig voor God!

Dit is die realiteit wat elke mens tref. Niemand kan dit ontken nie, want al die bewyse is teen ons. Kyk net hoe gaan dit in die wêreld om ons. Mense besef daar moet 'n god wees wat alles geskep het; en ook dat hy nie tevrede kan wees met wat ons doen nie. Daarom moet ons in sy goeie boekies probeer kom, maar ons skiet ver tekort. Ons kan die geregtigheid nie self bereik nie.

Maar nou ... Paulus begin ons gelese gedeelte met die uniekheid van die evangelie. Geen ander godsdiens het dié troos nie. Maar nou het God geregtigheid bewerk. Twee woorde in hierdie gedeelte moet vir ons uitstaan. Die woord “geregtigheid/vryspraak” en “heerlikheid/glorie”. Dit beskryf vir ons iets van Wie die Here is. Hy is die ene geregtigheid en glorie. Hy het geen deel aan die sonde of gebrokenheid nie. Paulus sê in vers 23 die Here het ons ook gemaak om die heerlikheid en geregtigheid uit te straal, maar ons kan dit nie meer doen ná die sondeval nie. Sy geregtigheid vereis straf – daarvan het die wet en profete getuig. Hy moes al by die sondeval 'n einde aan die mens gemaak het, maar sy liefde vir ons brand te sterk. Hy het die sonde vir 'n tyd lank ongestraf laat bly.

Wat 'n geweldige stryd moes dit nie vir God gewees het nie. Geregtigheid moet geskied, maar Hy kan nog nie straf nie vanuit sy liefde vir ons. Daarom kom Hy Self om te betaal. Die Allerheiligste Regter word gestraf vir ons sonde.

Mag jy vandag deeglik bewus raak van die Here se liefde vir jou. Uit genade alleen het Hy ook vir jou betaal. Hy is die enigste ware God wat versoening bewerk het.

Sing: Psalm 1-1:1, 2

Ds. DJ de Bruyn (Dirk) (Middelburg Kaap)